# GERRIE SCHOLTZ

**Datum:** **4 Maart 2010**
**Plek:** **Pretoria**
**Vraagsteller 1 (V):** **Lize-Marie van der Watt | Departement Geskiedenis |Stellenbosch Universiteit**
**Antwoordsteller (A):** **Gerrie Scholtz | Kosmiese strale tegnikus | SANAE 9 |1968**

**V :** Hoe het dit gekom dat u Antarktika toe is?

**A:** O, dis 'n interessante en 'n lang storie.

**V:** Ons hou van interessante en lang stories ... !

**A:** Toe ek op skool was ... Ek was op Erasmus Hoërskool in Bronkhorstspruit, en die straat een verwyderd van waar ons nou gebly het, het blykbaar familie van Hannes le Grange gebly. En die ding het die rondte gedoen ... Ek weet nie meer of dit sy ma-hulle was wat daar gebly het, of sy tannie, of wat ook al nie. En op daai stadium was hy een van die eerste ouens gewees wat ... of die eerste Suid-Afrikaner wat op Antarktika was. En ek weet nie hoekom het dit my nou geïnteresseer nie, maar dit het my geweldig geïnteresseer. Ek het gedag wat gaan soek 'n ou tussen 'n klomp ysberge daar? Is dit nie baie moeilik nie en is daar nie gevaarlike ysbere en ... ? So dit het my baie avontuurlik geklink. En ek het bietjie vergeet daarvan, maar toe is ek ... Ek het gaan studeer op Potchefstroom en ... Dit was die Potchefstroomse Universiteit onder leiding van Prof. Pieter Stoker, en toe't die kosmiese straal-navorsingsprogram ... eintlik daar hanteer – hy was dit hoof gewees daarvan. En ek weet nie hoe het dit gekom nie. Ek dink hy't my gevra of ek sou belangstel, jy weet, om die navorsingprogram daar te gaan beman. Ek kan nie onthou of ék die ding aan die gang gesit het en of hý dit aan die gang gesit het nie, maar ek het toe nou vir om aangedui ek stel baie belang, en hy was toe nou baie geïnteresseerd gewees daarin. En dis hoe ek eintlik soortvan by dié ding betrokke geraak het. Dit was ná ek my Baccalaureusgraad klaar afgehandel het.

**V:** Was dit die eerste keer dat daar 'n kosmiese strale-tipe program uitgevoer is op Antarktika van die Suid-Afrikaners?

**A:** Nee, die projek was ... Toe ek daar kom, dink ek was hy al wil ek sê in sy vierde jaar gewees.

**V:** O, oukei.

**A:** Of so iets; ek is nie heeltemal seker nie. Die eerste ou wat afgegaan het om hom te gaan inisieer, was Deon Kuhn, van Hermanus; Dr Deon Kuhn. Hy was ook die hoof van die geomagnetiese observatorium op Hermanus.

**V:** Daai een wat nou nog daar is – die HMO; Hermanus Magnetic Observatory?

**A:** Ek het hom so ses, ag maande gelede, het ek vir hom gaan kuier daar. Hy was ook op Potchefstroom natuurlik gewees. Na hom was Daan Joubert, ons leier, hy was toe die ou gewees wat toe daarna gegaan het. En daarna was Hannes Steyn daar gewees, en toe ek. En toe Piet König; en ek dink toe Harm Moraal en toe die hele string daarvanaf – ek weet nie wie was almal daar gewees meer nie ... Dries Muller ... Het jy al met Dries Muller ‘n onderhoud gehad?

**V:** Nog nie, maar ons sal. So hierdie geofisiese projek ... So dit was ‘n baie belangrike deel van die wetenskap wat beoefen is op Antarktika?

**A:** Wel, die program waarby ons aangesluit het, is deel gewees van die Internasionale Geofisiese Jaar van 19... Wat is dit nou? Êrens in die ‘50’s; 19...

**V:** ’57.

**A:** ’57, ja.

**V:** ’57, ’58.

**A:** Dis reg, ja. Die luggloedprogram van Stellenbosch was ook deel daarvan gewees, en die ionosferiese diktheidsmeting van Grahamstad was ook deel daarvan gewees. Ons was drie fisici in die span gewees wat daai drie verskillende projekte, wat eintlik deel was van die Internasionale Geofisiese Jaar – wat natuurlik nou oor baie jare eintlik al gehardloop het; en hulle het nou nog ... weet, aan die gang is. Deel daarvan was gewees om te weet hoe die magnetosfeer van die aarde eintlik verander, en dit is ‘n baie moeilike model, jy weet, want ‘n mens kan nie daar buitekant gaan kyk nie; jy moet maar afleidings maak uit wat op die aarde gebeur en hipotetiseer hoe lyk die magnetosfeer. Dis ‘n ingewikkelde model, en ek kan nie heeltemal sê ek verstaan presies altyd wat daar aangegaan het nie ... !

**V:** Wat was deel van u voorbereidings om te gaan?

**A:** Ja, dit is ook ‘n baie interessante storie gewees. Hulle het ons in die eerste plek geleer kook, soos dit hier op die foto’s wys. Hulle het ons ook noodhulp geleer, wat baie handig was. Hulle het ons brandbestryding geleer, wat ook ‘n baie handige ding was wat ek vir die res van my lewe kon gebruik, jy weet. En natuurlik spanbou, jy weet. Hulle het ons deur ‘n psigometriese toetsing laat deurgaan om uit te vind of gaan ons mekaar se kele afsny of wat gaan gebeur, jy weet; ensovoorts. En ek dink dit het gewerk, want ons span, ons het baie goed met mekaar klaargekom. Ons het nou nie eens een enkele struweling gewees, jy weet, van ‘n ernstige aard nie. As dit nou gegaan het ... As ons met mekaar baklei het, was dit oor goedjies soos, byvoorbeeld, sou dit help om jou kophare te skeer om die hare vinniger te laat groei? – jy weet, daai soort van goed; daaroor het ons vasgehaak; niks anders so ver ek weet nie.

**V:** Het julle dinees ook gehad vooraf, waar julle ander mense ontmoet ... van mense wat al daar was?

**A:** Ja. Sover ek kan onthou het ons een aand by die Departement Vervoer, wat op daai stadium die gasheer van die hele navorsingsprojek eintlik soortvan was, het hulle so ‘n gesellligheid vir ons gereël en ek dink daar was ook ‘n paar van die ouer lede by gewees. Maar andersins as dit, nee, ons het nie eintlik vreeslik dinees vóóraf gehad nie. Agterná het ons natuurlik nou baie; elke jaar, want jy weet, daar’s mos ‘n Antarktiese Klub, waarvan jy ook kan lid word – of al van lid ís op dié stadium ...

**V:** Nee, nog nie!

**A:** Jy moet aansluit. Eenmaal ‘n jaar ... En daar’s ‘n tak onder in die Kaap ook waarby jy kan soortvan aansluit, en hulle gaan baie bly wees om jou ‘n lid te maak. Dit was eers ‘n baie geslote klub gewees – net ouens wat op Antarktika of op een van die eilande oorwinter het, het toegang gehad tot lidmaatskap, maar ons het dit oopgemaak. Ek was op ‘n stadium voorsitter van die klub gewees en dit was juis in daai tyd wat ons dit eintlik oopgemaak het.

**V:** Moes daar nog baie instrumentasie afgaan, of was alles reeds daar gewees?

**A:** Nee, die meeste was reeds daar gewees. Ons het wel instrumentasie afgevat vir mý program, wat bestaan het eintlik uit instrumente wat ons onderaan ‘n ballon gehang het en dan laat opgaan het met radiokommunikasieseine vanaf hierdie ding af ontvang het, wat gewoonlik eintlik maar lugdrukmetings en kosmiese strale-intensiteit van die Geiger-buisies wat saam met die ding opgegaan het ... Maar dit was eintlik ... Ja, en dan was daar instrumente wat vervang en bietjie moderniseer moes gewees het, maar meeste van die ander goed was reeds daar gewees.

**V:** Het hierdie navorsing toe op die einde deel gevorm van ‘n graad?

**A:** Nie van myne nie, maar van Deon Kuhn. Hy’t RIO-meter ... RIO-meter staan vir ... RIO staan vir “Radio Ionospheric Opacity”, en hy’t studies daarop gedoen. Ek het mý Meestersgraad gedoen op ‘n ander manier. Ek het van daai resultate, het ek nie gebruik nie.

**V:** En op die kaai? Was daar mense wat ... Was daar pers gewees? Geliefdes wat julle afgesien het?

**A:** Ja, die geliefdes – my pa en my verloofde op daai stadium was ... Ons het saam afgery, en my sussie – ons was vier gewees wat afgery het. Hulle het my kom afsien om 100% seker te maak dat ek wegkom; ek dink hulle was bly gewees!

**V:** En hoe was die vaart op die RSA?

**A:** Ja ... Daar was interessante insidente gewees. Maar die groot ding wat ‘n mens onthou is daai verskriklike seesiek ... !

**V:** Is dit?!

**A:** Joe, dit was erg gewees. Een van die ouens wat saam met ons gegaan het ... Jan Smit, is die ou se naam – ek dink hy’t in Australië deesdae. Maar in elk geval, hy raak

vreeslik seesiek. Maar dit was ook nie die eerste keer wat hy op Antarktika was nie; hy was ‘n jaar vantevore of wat ook al, was hy ook daar gewees. En die legende lui dat hulle hom eintlik amper met ‘n draagbaar van die skip af moes afdra, want hy kom niks eet nie, jy weet.

**V:** Ag, aaklig!

**A:** ‘n Dag daarna, toe’s hy weer reg. Maar of dit nou heeltemal waar is ... Hy’t dit nooit bevestig óf ontken nie!

**V:** Hoe lank het die skeepsvaart geduur omtrent?

**A:** Ja, ons het net mooi omtrent 21 dae, het ons op die skip gesit, waarvan ons ‘n paar dae vasgesit het in die ys, wat ons nie vorentoe of agtertoe kon gaan nie. Maar nou ja, die ys breek vanself eintlik soortvan weer op oop; toe kan ons darem weer ‘n entjie vorentoe gaan.

**V:** Kan jy onthou wie was die kaptein?

**A:** McNish.

**V:** Het julle hom ook ontmoet?

**A:** Ja-nee, ons het hom ... Op die skip, jy weet; jy loop rond op die skip en ... Ag, hy was eintlik ‘n *nice* ou gewees en ons het met hom gesels, jy weet. Ons moes almal ‘n beurt maak om op die brug in die nag te gaan diens doen om te kyk vir ysberge, dat ons nie dieselfde roete as die Titanic gaan nie, jy weet!

**V:** So is julle dan ook betrokke gewees by die vaart self, op die skip?

**A:** Ja, dis eintlik al wat ons gedoen het – ons moes elkeen so ‘n uur wag staan in die donkerte en tuur, asof jy nou iets kan sien in die nag! Die skip is nie soos ‘n kar wat hoofligte het nie, jy weet; jy moet maar probeer kyk daar in die donkerte in. Ons het darem gelukkig nie ysberge raakgery nie.

**V:** En self seesiek geword?

**A:** Ja-nee, ek het maar lekker self seesiek geword. Dit was omtrent die jaar gewees toe Appletizer nou behoorlik op die mark gekom het, jy weet; ek dink die jaar vantevore was hy al op die mark gewees. Maar ek kan onthou op die skip het hulle seker ‘n krat vol of twee Appletizers ook gehad, wat jy nou kon koop as ‘n verversing. En ek het dit gedrink om so bietjie die seesiek te demp. En tot vandag toe kan ek nie meer Appletizer drink nie! Ek dink nie Appletizer gaan baie gelukkig wees oor wat ek nou sê van hulle produk nie, maar ... !

**V:** Dit het gehelp vir die seesiek; dis ‘n goeie ding!

**A:** Ja.

**V:** So was daar toe mense saamgewees wat net gegaan het vir daai periode wat die skip by Antarktika is?

**A:** Ja. Daar was ‘n Belgiese span, wat bestaan het ... En ek kan nou nie onthou hoeveel nie, maar ek dink dit was ag mense gewees: twee vlieëniers, twee lugvaartwerktuigkundiges, en dan die ander was ook maar geoloë of geofisici. Ek dink dit was ag gewees – ek is nie heeltemal seker nie; ek sal moet gaan kyk op foto’s waar ons hulle eintlik afgeneem het. Dan was daar ouens van die Nasionale Filmraad gewees wat saamgegaan het en wat stilfoto’s en ook rolprentfoto geneem het vir opvoedkundige doeleindes. En dan was daar so ‘n paar ouens gewees wat as gaste saamgegaan het. Die een ou se naam was Howard Payne. Hy was verbonde gewees aan die Vloot. En ek kan nie heeltemal ... Ek dink nie enigiemand het agtergekom hoekom hy eintlik daar was nie, jy weet; ek dink hy was maar ‘n gas.

**V:** Hy was maar so half ‘n waarnemer?

**A:** Ja, ek dink, jy weet, hy ... Hulle doen ook maar seker navorsing oor seetoestande en ek dink dit was eintlik maar sy funksie gewees.

**V:** Het julle geweet die Belge gaan saam, vooraf?

**A:** Ja, ja.

**V:** Het julle mekaar vooraf ontmoet?

**A:** Nee.

**V:** Net op die vaart?

**A:** Nee, ons het mekaar ontmoet in die Kaap, toe ons op die skip klim. En toe laai hulle twee kratte met vliegtuie op die boot ...

**V:** Het julle gevlieg?

**A:** Nee ... Ja, hulle het die vliegtuie saamgevat, daar gaan aanmekaarsit – die vlerke en goed afgehaal en daar weer aanmekaar gesit – en hulle het daar rondgevlieg. En ek het die voorreg gehad om met een van dié vlugte ook saam te kon vlieg en bietjie te sien hoe lyk Antarktika uit die lug uit.

**V:** Was dit een van die eerste kere wat die Suid-Afrikaanse span gevlieg is, of vanaf die Suid-Afrikaanse basis?

**A:** Jy weet, nou vra jy vas. Ek weet nie. Maar dit was nie die laaste keer gewees nie. Die volgende jaar is daardie selfde span weer af, en hulle het een van die vliegtuie – die een was ‘n Cessna en die ander een was ‘n Otter gewees, en dit is hoekom daar ‘n naam ook aan die Otter-bukta gekoppel is – hulle het met hom neergestort daar, maar niemand het darem seer gekry nie. Hy lê nou nog seker êrens in die ys daar rond.

**V:** Was dit Vlaamse Belge gewees?

**A:** Ja. Tonie van Outenboer, die leier, hy was ... jy weet, hy het Vlaams goed gepraat; *Hugo Declaire* [?], hy kon Vlaams goed praat, so ons kon Afrikaans met hom praat en so’t ons ... Maar daar’s een ou gewees – *Roger Fanjoue* [?]; hy was die vlieënier van

die Cessna gewees en ek dink ook ... Nee, hy was die vlieënier van die Otter gewees, wat eintlik nie rêrig ‘n vliegtuig was waarvan hy gehou het om te vlieg nie, want hy was ‘n straalvegvliegtuigvlieënier. Maar hoe hy nou daarby uitgekom het om die Otter op Antarktika te vlieg is ‘n storie wat ek nou nie ken nie. En dan wie was die ander ou wat die Cessna gevlieg het ... ? Ja, ek kan sy naam nie onthou nie, en hy was ook nie Vlaams heeltemal ... Hulle het Frans met mekaar gepraat, jy weet.

**V:** En het julle dan met hulle Engels gepraat?

**A:** Ja-nee, hulle was almal Engels baie goed magtig gewees.

**V:** Oukei. Het julle ‘n seremonie gehad toe hulle oor die 60-breedtegraad is?

**A:** Ja.

**V:** Wat het gebeur?

**A:** Ja, ja. Daar was ‘n seremonietjie gewees. Ons moes almal *fancy dress* aantrek en een of ander opvoering hou. En my aandeel daaraan was gewees om net met ‘n anorak aan alleen, sonder langbroek, maar darem met die gepaste onderklere, het ek vir hulle ‘n opvoering gegee. En ek het vir hulle *Sarie Marais* gesing, en ek was nie die enigste ou wat *Sarie Marais* gesing het nie – dit lyk my dis maar omtrent al liedjie wat die meeste van die ouens ken ...! Maar mý weergawe was gewees, ek het geleer om *Sarie Marais* agterstevoor om te sing, dan klink dit asof jy Russies sing, jy weet – “Sarie Marais” word “Ym eira sarom” ... !

**V:** Wat het julle op die skip gedoen om tyd te verwyl as daar nie werk was nie?

**A:** Jy’t oorboord gehang die meeste van die tyd! En geëet ... En ons het lekker groot storms ook eintlik gehad. En ag, ons het kaart gespeel en – veral toe ons nou die 60-breedtegrade oorgesteek het – het ons ‘n partytjie gehou. En een van die outjies kon akkordion speel en ek kon bietjie kitaar speel ... Toe’t ons nou regtig *party* gehou daar.

**V:** Toe julle by die ysbank aankom, hoe moes julle aflaai? Verduidelik die proses.

**A:** Ja, die skip het hyskrane, so die goed is maar merendeels eintlik daarmee afgelaai; dis net jou persoonlike goedjies wat jy maar met die hand afgedra het, jy weet. So dit was nou nie vreeslik baie van ‘n seremonie gewees nie. Dit was eintlik maklik gewees.

**V:** So het julle dit afgelaai en dan eintlik maar na die basis toe gesleep?

**A:** Ja, met ‘n trekker.

**V:** Met ‘n trekker?

**A:** En ook met *toboggans* – dis so soortvan ‘n ys-*scooter*, jy weet. Ek is basis toe met een van hierdie ys-*scooters* – en agterop gesit en bitterlik koud gekry. Ek het nie gedink ek gaan die jaar oorleef nie; dit was verskriklik koud gewees!

**V:** Watter klere het julle saamgehad?

**A:** Ja, dis goed wat die Departement maar vir ons eintlik gegee het. Maar dit was hoofsaaklik – behalwe nou vir winddigte broek en anorak – was dit hoofsaaklik eintlik maar Vloot-klere gewees: die tipiese blou hempde en lang wit onderbroeke en lang kakiebroek ... Maar dit was heeltemal voldoende. Dan was dit die skoene ... Ek weet nie waar het hulle die skoene gekry nie; ek dink dit het gekom van Noorweë af. En hulle het vir ons truie gegee wat verskriklike lekker truie was, wat uit Noorweë eintlik uitgekom het – so ‘n dik trui, en ek het hom nog baie jare daarna, het ek hom nog gedra, daai selfde trui. ‘n Sterk ding gewees, en dik; ‘n baie warm trui gewees.

**V:** Net één trui vir die hele jaar?

**A:** Nee, ons het twee gekry. Ek het een op Antarktika klaar gedra en die ander een het ek saamgebring hiernatoe en hom vir baie jare nog in Suid-Afrika gedra.

**V:** Nou hoe het die basis gelyk?

**A:** Ja, as jy die basis genader het van ‘n afstand af, dan kon jy rêrig niks sien nie anders as net een hoë mas, en dan het daar so paar goetertjies rondgestaan, want die hele basis was klaar lankal toegewaai gewees, ondergrond met skagte, 10 m diep; jy’t onder afgeklim met ‘n leer. Ek was baie verbaas gewees. Ek’t gedag ons gaan darem nou mooi dinge kry, en toe ons nou daar kom, toe sien ons nee, maar dis ‘n probleem hierdie. En ons het daai ding op- en afgeklim, op- en afgeklim – jy weet, jy moes dit so paar keer op ‘n dag doen. Ons het baie fiks geword daar!

**V:** En binne-in die basis self?

**A:** Ja, die basis het eintlik bestaan uit verskillende geboue wat so langs mekaar, maar nou nie heeltemal gekoppel aan mekaar nie. En dan was daar nou ‘n gang gewees – in hierdie geval was dit nou reeds al ‘n tonnel gewees in die ys; hulle het gepraat van die ystonnel ook, wat dan eintlik soortvan die geboue aanmekaar, jy weet, van die een na die ander geloop het. Dit was so menshoogte gewees, met ‘n klomp rakkies waar ons nou al die goeters – gereedskap en kos en al die goeters – eintlik in gebêre het. En wat interessant was van die ysgang, was gewees sy temperatuur was gemiddeld nogal redelik gangbaar, –11 grade, en baie konstant eintlik; hy’t nie baie verander van winter na somer toe nie. En dit het partykeer buitekant baie koud geword, en as jy die skagte mooi toe hou, dan het dit onder in die basis nie so vreeslik koud geword nie, want dit was diep genoeg in die ys in en daar is die temperatuur stabiel. Die geboue self – veral die kombuis en die eetkamer – die kon jy so warm maak soos jy nou eintlik wil, want daar staan ‘n stoof, jy weet. En die slaapvertrekke het ook oliebranders gehad wat hulle warm gemaak het; dit was sentrale lugreëling wat met olie eintlik gewerk het.

**V:** Hoe was daar ventilasie? Waar het lug ingekom, of het dit maar ... ?

**A:** Ja, ag jy weet, dis skoorstene wat jy nou maar vars lug bo gaan skep, dit warm gemaak ... die slaapvertrekke eintlik ingeblaas.

**V:** En moes julle kamers deel?

**A:** Nee, nee; ons het elkeen ons eie kamertjie gehad, 'n *cubicle*. Jy kón omdraai daarin ... ! Daar't 'n bed gestaan en so kassie, waar jy nou jou klere kon inpak. En dis eintlik maar dit. Jy't ook eintlik niks meer nodig gehad as dit nie, jy weet.

**V:** En hoe het die daaglikse take gewerk – algemene take soos kosmaak of *skivvy*?

**A:** Ja, ons het beurte gemaak om *skivvy* te wees. Jy weet seker wat die *skivvy* doen? Hy vat die vuilgoed uit buitekant toe en sorg dat die kombuisvloer skoon is en daai dergelike dinge, né. En as jy *skivvy* is, dan kan jy ook bietjie wasgoed was. Dit was nou nie 'n baie populêre taak nie ... ! Maar as jy kook, dan is jy vir vier dae lank kok. En dit het my te beurt geval om kok te gewees het op die dag van die Midwinterfees – ek het daar niks van gehou nie, en dit was ook ... Dit het net so uitgekom, en toe die Kersfees was, toe's dit ook weer my beurt gewees om kok te wees!

**V:** Kan jy nog onthou wat jy gemaak het?

**A:** Ja-nee, ek het maar so goed as moontlik nou maar myself van die taak gekwyt. Ek het vir hulle 'n hoender gaargemaak met 'n sous en groente en al daai dinge. Maar die interessante ding was gewees, met Kersfees het ek vir hulle 'n vrugtekoek gebak, en ek het nou voor die tyd uitgewerk ek gaan die kok wees op Kersdag, en toe't ek nou besluit nee, ek gaan nou vir 'n vrugtekoek bak vir poeding daai dag. En ek het S.J.A. de Villiers se *Kook en Geniet*-kookboek, het ek nadergesleep en daar 'n resep gekry, en gesien jy moet die ding omtrent so twee, drie weke voor die tyd, moet jy hom al begin ... Die vrugte moet jy reg rypmaak ensovoorts. Ek kan onthou, jy moet 'n halfkoppie brandewyn, moet jy ook ingooi en dan die ding laat staan vir ek weet nie hoeveel dae nie – ek sal weer moet gaan kyk. Maar ek het gedink die manne gaan dalk hou van 'n bietjie meer brandewyn, en toe verdubbel ek dit nou maar, my weet. Toe't ek 'n hele koppie brandewyn ingegooi, en die goed daar laat staan en maar gaan kyk hoe vorder dit, en bietjie daaraan gelek en geproe en geruik, ensovoorts. En toe dink ek maar hierdie brandewyn wat ons hier het is seker nie van die beste gehalte nie – ek dink nie die Departement van Vervoer sal vir ons die top gehalte brandewyn stuur nie – toe gooi ek nóg 'n koppie, of 'n halfkoppie, by. So toe's dit nou drie keer die hoeveelheid brandewyn nou daarin ... ! In elk geval, ek het die goed gebak en alles mooi reggemaak, ensovoorts; en *marzipan* opgesit en koekie *gedecorate*, ensovoorts. En Kersfees, toe sny ons nou daai ding oop ... Toe kom daar darem vir jou brandewynwalms uit daai ding uit!

**V:** Toe't dit seker bietjie gegis, die vrugte!

**A:** Die walms slaan jou asem weg! Ek het nie besef, jy weet, op daai stadium, dat daai brandewyn was eintlik so sterk gewees nie, en toe die manne nou almal daar is en hulle elkeen hulle stukkie gekry het, toe vra ek nederig om verskoning dat hierdie ding nou so erg ... Jy weet, hy's amper bitter van die brandewyn. Toe sê ek vir die manne nee, ek het nou so bietjie ekstra bygegooi. En toe sê Willem van Zyl – hy was ons radio-

operateur – toe sê hy nee, hy't gesien wat maak ek, en hy was bang gewees ek gooi bietjie te min brandewyn by, toe't hy ook nog 'n koppie vol daar gaan bygooi!

**V:** (Lag.) Agge nee!

**A:** En toe's daar nou twee en 'n half koppies brandewyn in, terwyl daar net 'n half koppe moet wees! Maar snaaks, die manne het hom *gepolish*, hoor – net so, toe's daar niks van daai koek oor nie!

**V:** Al ooit weer daarna vrugtekoek gebak?

**A:** Nee, nee; ek's te lui.

**V:** Maar in die dag, hoe het 'n dag verloop? 'n Dag in die lewe van 'n geofisikus?

**A:** O ... Ja. Mý instrumentasie het so half kilometer van die basis eintlik gestaan om dit in 'n stil omgewing te kry, 'n radio-stil omgewing – die RIO-meter het daar gestaan. Hy's bietjie sensitief vir radio-lawaai, want as dieselfde Willem van Zyl besig is om Morse-kode om ons liefdesbriewe oor te sein na ons geliefdes toe, dan maak dit lawaai op die dinges, so jy wil 'n bietjie van 'n afstand hê. Maar die neutron-waarnemingsinstrumente was ook daar gewees, so ek moes elke dag, moes ek uitgaan en na die goed gaan kyk en spannings regstel en al daai dinge. So dit was my daaglike *job* gewees om te gaan en ... Nou dit was nie 'n probleem nie, behalwe as die wind erg waai, dan kan jy nie sien waar is die plekke nie, want dan is die sigbaarheid redelik beperk, jy weet. Maar ek was darem nooit in die moeilikheid gewees in die sin dat ek verdwaal het of die plek soortvan nie gekry het nie. Ons het 'n draad gespan; jy hou aan hom vas, jy weet, tot jy daar uitkom. En dan was dit ook 'n lekker stil plekkie gewees – hy was ook al reeds heeltemal toe onder die ys gewees – so as 'n man nou stilte wil hê, dan't ek nou maar daar gaan sit en lees of wat ook al. So dit was eintlik lekker gewees. Maar andersins, dan het jy nou maar die lesings wat jy gevat het daar, het jy verwerk en dit teruggestuur Potchefstroom toe, ook by wyse van Morse-kode, jy weet, op daai stadium, want ons kommunikasies was glad nie gewees wat dit vandag was nie, jy weet. Vandag sit die ouens met die internet daar.

**V:** Ja; 'n Kaapse telefoonnommer ...

**A:** Ja, daar's'n Kaapse telefoonnommer ... So ons het baie primitief gelewe, regtig baie, baie primitief gelewe daar.

**V:** En mens moes daai lesings neem ook in die winter?

**A:** Winter, somer; elke dag.

**V:** Elke dag? Ook tydens 'n witsig?

**A:** Witsig ... die winter, as die son nie skyn nie, en waar die son 24 uur op 'n dag skyn ... Ja, dit is nou maar uit die aard van waarneming uit, jy weet. Daar's nie 'n maklike manier om dit net te doen nie, jy weet. Dis maar wat jy doen daar. Dis 'n baie eentonige *job*, maar aan die anderkant, as 'n mens 'n bietjie mooi kyk en jy kyk wat doen die ander

instrumentasie van die ander progammerasie, jy weet ... Ons het ... Die drie van ons, wat nou geofisici was, het dit gekorreleer, want as jy sien daar gebeur iets op die één instrument, dan kan jy maar verwag daar gaan op die ander instrumente ook iets gebeur. So dit was ‘n interessante ding gewees, jy weet. Ons het naderhand al kon voorspel wanneer iets gaan gebeur. En dit het ook te make met sonaktiwiteit, so as ... Maar eers nadat daar een of ander gebeurtenis op die son plaasgevind het, dan sien ons dit op ons instrumente so ‘n ruk later, afhangende van wat dit nou is – dit kan tot so 11 dae later wees, of ... Ek kan nie meer mooi onthou hoe lank nie; ek het al vergeet van die goed.

**V:** Hoe baie het u geleer daardie jaar?

**A:** Geleer op verskillende vlakke, ja. Ons het kans gehad om te lees, want jou program was nie so vol gewees dat jy nie jou eie privaat leeswerk kon doen nie. Maar van die werklike wetenskap self het ‘n mens nie eintlik veel kon leer nie, want dis baie langtermynprogramme, jy weet. Een jaar is eintlik maar baie min of eintlik agter te kom van wat gaan eintlik aan met die magnetosfeer en vir ons nou kosmiese strale; dis ‘n aaneenlopende program. Ek het baie geleer van menseverhoudinge, want jy wil graag redelik maklik saam met die ander ouens bly en lees en so, en dit is nogal ‘n kuns. En jy het die ouens gehad met wie jy beter klaargekom het en die ouens met wie jy minder goed klaargekom het. Ek en ons dokter, ou Hans Rhode, ons het baie goed met mekaar klaargekom. En ook die landmeter, Eddie Bosman, ons het baie goeie vriende geword. En terloops, ek en ons leier, Danie Joubert, ons was studentemaats eintlik ook gewees en ons het op ‘n kol saam ‘n woonstel as studente gehuur.

**V:** Voor of na die oorwintering?

**A:** Voor.

**V:** Voor?!

**A:** Ja. Hy’t toe al ... Ek dink hy was met SANAE 5, het hy dieselfde program hanteer as wat ek gehanteer het – SANAE 5 of SANAE 6 ... Ek dink SANAE 5; ek’s nie heeltemal seker nie. ‘n Mens moet maar opkyk ... En toe’t hy nou resultate gaan verwerk en hy’t nou maar ‘n bietjie daar gewerk, ensovoorts. En toe het ons in my nagraadse jare, toe’t ons saam ‘n woonstel gehuur.

**V:** O.

**A:** So ek het hom eintlik baie goed geken. Ek ken vir Danie Joubert, wel op daai stadium, geken asof dit ‘n broer was; ons het mekaar se emosies goed kon lees. En dit was eintlik baie lekker gewees om saam met hom te bly. Danie is ‘n *smart* ou!

**V:** En die boeke wat saamgeneem is, watter boeke was dit? Akademiese boeke? Storieboeke?

**A:** Ja ... Kyk, ons het in ons eetsaal was eintlik sommer die biblioteek ook eintlik gewees. En daar was nou 'n hele klomp boeke gewees. Maar ek is nie 'n storieleser nie. Ek het baie meer belanggestel in die *Encyclopedia Britannica* wat daar was, en ek het baie, baie gelees van die *Encyclopedia Britannica* – ek het in só 'n mate verlief geraak daarop dat toe ek in Suid-Afrika kom, toe koop ek my eie ... !

**V:** En ander tydverdrywe behalwe lees?

**A:** Ja ... Ons het 'n paar rolprente saamgehad. Ons het elke Saterdagaand saam rolprente gekyk en partykeer in die week ook, en dieselfdes herhaaldelik oorgekyk. Ek dink daar was iets soos agt rolprente gewees; ek kan nie onthou hoeveel nie. En ja, die manne het laterhand die klank afgesit en sommer self die dialoog gevoer ... en gevarieer soos wat hulle nou gedink het dit behóórt te wees ... Dit was nogal baie humoristies!

**V:** Wie het hierdie rolprente gekies?

**A:** Ek dink ons leier het daarvan gekies, en hy't van ons ook gevra, maar ek dink hy't die meeste gekies en van ons gevra watter soort rolprente ons wil hê. Ek weet hy't mý gevra. Maar ek het nou nie eintlik spesifieke voorkeure nie, jy weet. Ek's 'n ou vir komedie; so ek het gevra hy moet vir ons bietjie *comedies* ook saamvat. Ja, wat hy ook gedoen het, jy weet. *Where the boys are* – dis so 'n baster komedie-*musical* wat ons baie gekyk het; hy was toe op daai stadium, was dit toe nou 'n redelike populêre een gewees. Dit was lekker gewees. Daar was een van Marilyn Monroe ook gewees, en daar was 'n klomp ander goed.

**V:** En as mense verjaar het of as daar goed was om te vier, wat het julle dan gedoen?

**A:** Ja, verjaarsdae kan ek nou nie eintlik sê was nou 'n baie groot geleentheid gewees nie, maar met die Midwinterfees, was ... almal het uitgesien daarna. Kersfees en Nuwe Jaar, ensovoorts ... Midwinterfees het ons almal nogal bietjie reggemaak. Ek was net mooi op daai dag ook, soos ek vir jou gesê het, was ek kok gewees, so toe't die ouens my nou verskoon om nou die basis, of in elk geval die eetsaal, mooi skoon te maak en weer nuut uit te verf. Ek en die *skivvy* van die dag was verskoon gewees van daai *duties*. En die manne het toe begin en die spul mooi geverf, en die rakkies van die biblioteek blou rantjies omgeverf, ensovoorts. En toe't hulle nou 'n bietjie moeg geraak en toe't hulle besluit nee, hulle moet nou eers darem ietsie drink, jy weet. Maar nou, as jy wil iets hê om te drink, veral bier en sulke dinge, moet jy dit lank voor die tyd gaan haal, want dis ge-ys. Jy moet dit neersit en dan moet dit nou ontdooi. Maar daar's tog van die drankies wat genoeg alkohol in het dat hy nie ys nie, jy weet. En die een wat ek nou kan onthou, is Jerepigo.

**V:** O aarde ...

**A:** Dis omtrent die enigste drinkgoed gewees wat net so van die ys kan afkom, wat jy die bottel oopmaak en skink. So toe't die manne nou daarvan beginne drink. Ek was toe nou naderhand klaar die skottelgoed gewas en al dié dinge, en toe's dit nou ook al hier

seker omtrent so halftien die aand, toe’t ek besluit nee, ek gaan nou eers ‘n bietjie lê – jy’s mos moeg as jy die hele dag gewerk het.

**V:** Ja.

**A:** En toe kom een van die ouens net en toe sê hy vir my nee, ek moet nou eers ‘n bietjie opstaan en saam met hulle iets kom drink daar, jy weet. Maar ek kyk hierdie ou so, toe sien ek, hier’s moeilikheid – óf die moeilikheid het klaar gebeur of dit gaan kom, maar moeilikheid is daar moeilikheid! En toe ek nou daar kom, toe’s dit nou bietjie chaos. Toe’t die manne nou al ek weet nie met die hoeveelste bottel Jerepigo deurmekaar geraak nie, en natuurlik het hulle die een die ander nou bietjie begin verf, ensovoorts, en toe’t hulle met daai blou verf, wat hulle eintlik om die rantjies van die biblioteekrak, toe’t hulle mekaar daarmee gedinges ... En toe’t hulle malgegaan: hulle het die telefoon blou geverf; hulle het van die stoof se plate, het hulle blou geverf; hulle het mekaar blou geverf. Dit was chaos gewees – ek moet miskien vir jou ‘n paar van die foto’s daarop wys as ek kan dit in die hande kry ...

**V:** Ja; dit sal wonderlik wees!

**A:** Dit was ‘n gemors gewees. En die volgende dag, die aand sou ons Midwinter gevier het. Toe’t die ouens blykbaar eers gaan slaap en die volgende oggend vroeg het hulle met terpentyn eers al daai gemors skoongemaak. En ek dink hulle het begin met hulle hare ... !

**V:** (Lag.) Ai! Hoe was die winter?

**A:** Ja ... Wat ek van die winter die beste sal onthou ... Kyk, dit was die tyd gewees wat jy die aurora’s eintlik die beste kan afneem, want dis donker, jy weet, en jy kan mos nou nie ‘n aurora sien as die son skyn nie of dit net skemer was nie. Wat ek van die winter onthou, was hoe’t ons gesukkel om daai aurora’s te probeer afneem!

**V:** Is dit?!

**A:** Want jou kamera ... Jy moet hom gaan opstel buitekant en dan moet jy afhardloop onder ... Want dit is koud, jy weet. En dan, as jy nou weer daar om en jy kyk nou so en jy sien hier’s dalk nou ‘n aurora wat wil kom, en dan wil die sluiter nie werk nie – hy’s te koud. En dis ‘n frustrasie! So dis die een ding wat my nou baie, baie duidelik voor die beeld kom as jy praat van die winter op (Antarktika). Die ander ding was die jammerte wat mens in jou hart gevoel het vir die honde wat daar in die donker nag dag en nag aan ‘n paal vasgemaak is in daai bittere koue. O, dit is nie vir my lekker gewees om dit eintlik so te sien en te belewe nie, jy weet. Nou hulle kan natuurlik sien in die donker as jy nou uitkom uit die skag uit; dan kan hulle jou sien en dan begin hulle te blaf en et *howl*, ensovoorts. Dan loop ‘n mens outomaties soontoe en gaan streel nou maar ‘n bietjie en praat hulle moed in vir die nuwe nag wat nou kom, ensovoorts. Maar dit was eintlik vir my nie ‘n lekker ervaring gewees nie. Ek sou eintlik graag wou sien dat mens hulle darem inbring ondertoe. Maar ek het nie beheer gehad oor die honde nie, jy

weet. Maar dis wat ek ook kan onthou van die winter. En die ander ding is, gedurende midwinter, jy weet, die son kom mos nou – want kyk, ons was nie reg by die Pool gewees nie; ons was bietjie af gewees van die Pool – dit was so twaalfuur in die dag, dan het dit in die noorde bietjie skemer geword en dan word dit nou weer donker as die son ... kyk, hy gaan in die rondte. En ek het maar altyd uitgegaan in die dag, naaste aan ... so van elfuur tot eenuur, dat mens darem so bietjie van die skemerson kan sien, jy weet. En dan's hy maar net weer weg; dan's als weer pikdonker.

**V:** Ja. Wie ... Is daar 'n spesifieke spanlid in beheer geplaas van die honde, of was dit maar 'n ... ?

**A:** Ja, ja. Die honde was eintlik die werksinstrumente van die twee geoloë wat ons gehad het – Anton Aucamp en Brain Watters. En ons dokter, hy't ook nou vir homself die op die hals gehaal, of was lus, om met die honde te werk. Maar ons het almal gehelp met die honde – robbe opgesaag vir hondekos, ensovoorts, jy weet.

**V:** Was daar van die honde met wie mense 'n beter verhouding opgebou het, of waarvoor mens 'n sagte plekkie ontwikkel het?

**A:** Ja, daar was een teef gewees wat kleintjies gekry het. Dino was haar naam; so 'n kleinerige wit enetjie. Dis 'n oulike hond gewees en ons was almal baie lief vir haar. En toe't sy net die werpsel kleintjies daar gehad, twee werpsels, en die laaste keer ... Nou ek weet nie hoe't sy losgekom en by die ander kêrels gaan kuier nie, maar dit is hoe sy dragtig geraak het. En dit was een van haar kleintjies gewees wat ek saamgebring het, jy weet. Dit was 'n pragtige hond gewees.

**V:** Wat was dié hond se naam?

**A:** Konrad.

**V:** Konrad?

**A:** Ja.

**V:** Hoekom?

**A:** Ag, ek kan nie vir jou sê hoekom nie, maar dit het net vir my na 'n mooi naam geklink, want ek het altyd die interessante idee gehad om honde te vernoem na vergange se dae se staatsmanne, jy weet; Winston, byvoorbeeld, en De Gaulle. En daar's 'n Konrad Adenauer gewees. En hy't die naam gekry van Konrad Adenauer, maar hy't net die naam gevat, nie die van nie.

**V:** Hoe bestuur mens so 'n hond met 'n slee? Het julle oefening gehad daarin?

**A:** Ja, as jy vir Anton Aucamp in die hande kan kry; hy sal vir jou dit baie mooi kan vertel. Ekself was nou nie daarby betrokke gewees nie, maar soos ek nou maar verstaan, het die honde darem 'n bietjie ... weet, hulle het geleer wat is links en wat's ... *Har* [?] weet ek is links ... en ek kan nie onthou wat is regs nie.

**V:** En toe julle die kos moes vat vir die mense depot toe, waarmee het julle bestuur?

**A:** Nee, ons het gery met *muskegs*.

**V:** Met die *muskegs*?

**A:** *Muskeg* is 'n sneeutrekker, wat op sy rubberbande soortvan loop, en ons het maar daarmee eintlik gery.

**V:** Is daar 'n besonderse *skill* aangewees om met *muskegs* te ry?

**A:** Nee, geen *skill* nie.

**V:** Hoe vinnig ry hulle?

**A:** Ek dink sy maksimum snelheid was 10, 15 km 'n uur, so hy's maar stadig. Jy kan suksesvol langs hom draf!

**V:** Wat hét julle gedoen vir oefening?

**A:** O nee, ons het so een gedeelte van die eetsaal, het ons so 'n bietjie van 'n gimnasium, met gewigte, en dan't ook ons buitekant rondgeloop, want jy kry genoeg oefening deur net te loop in daai sneeu; dis nie 'n maklike ding om te doen nie!

**V:** Oukei! Was u bekend met sneeu gewees, of met ystoestande?

**A:** Nee, nee. Dit was vir die meeste van ons, was dit 'n splinternuwe ervaring.

**V:** Is dit?

**A:** Ja, dit was ... Aan die begin was dit baie interessant en ook baie lekker om bietjie sneeuballe te gooi, maar later van tyd was dit 'n groot *nuisance* gewees ... die los sneeu veral om deur te loop, jy weet ... !

**V:** Wat was u eerste indrukke nog gewees van Antarktika, toe mens nou daar aankom?

**A:** Ja ... Dit was ... In 'n mate was dit bietjie teleurstellend. Dit was net té plat gewees. Want daar is niks nie. Al wat jy van die basiskant af kan sien, een plek was daar so bietjie van 'n opdraende gewees – "Ice Rise" het ons dit genoem; die Ysbult – en hy's ook hier op die kaart aangeteken. Maar verder is daar niks; daar is letterlik net mooi niks. Daar's nie vlieë nie; daar's nie stof nie; daar's niks nie. En as jy wegloop van die basis af – want daar's mos altyd 'n dieselenjin aan die loop op die basis – as jy bietjie weg is en jy dít nie hoor nie, dan hoor jy net die bloed deur jou oordromme suis. En dis al.

**V:** Hoe was dit toe die skip weggaan? Toe julle nou klaar gelaai is, wat het julle gedoen?

**A:** Toe die skip ... Nadat ons agtergebly het?

**V:** Ja, nadat julle agtergebly het?

**A:** Nee, dit was 'n groot verligting gewees, want daar was baie mense by die basis gewees – die besoekers en die Belge en die vorige span se ouens. So ons het eintlik maar

beurte gemaak om in beddens te slaap. En toe hulle weggaan, toe's ons almal baie verlig gewees; toe's ons darem baas van ons eie basis. Nee, by my was daar nou nie baie heimwee gewees toe ek die skip sien trek nie. Toe't ons geweet ons kan nou ons ding doen.

**V:** En toe die skip weer terugkom?

**A:** Ja, dit was nogal baie interessant gewees. Toe ons na Antarktika toe af is, toe ons daar kom, toe ... Jis, dit was koud gewees daai dag toe ons daar aangekom het; dit was vrek koud gewees! En toe ons nou uiteindelik daar aankom, die ouens wat vanaf die basis nou gekom het, toe ons hulle sien, toe sien ons hulle loop daar rond; hulle het nie anorakke aan nie, en ek weet nie of hulle sokker gespeel het daar op die ys of wat ook al nie, maar was daai manne darem verskriklik vuil gewees?! Jis, jy kan dit nie glo nie! Hulle klere was van die olie en ... Ek het eintlik naar geword vir hulle, jy weet. Ons was nooit so gewees nie; ons was skoon gewees. Ek moet eerlikwaar sê ons het nooit daai mate van vuilheid bereik nie. En die dag toe óns aflosspan óns kom kry, toe was dit eintlik ook 'n lekker dag gewees, jy weet. Die wind ... Daar was eintlik nie wind gewees nie; dit was so effentjies *overcast* gewees. So dit was eintlik 'n baie lekker dag gewees. En toe die nuwe mannetjies daar aankom, toe kan ons nie glo hoe koud daai arme ouens kry nie en hoe skoon hulle is nie! Toe sê hulle vir ons 'jissou, kry julle nie skaam om so vuil te wees nie?!', en ons kyk, en ons sien nie van vuil nie! Ons was heeltemal geaklimatiseer!

**V:** U het nou-nou bietjie gepraat oor die teleks ... Hoe was die kommunikasie huis toe met die verloofde?

**A:** Nee, baie gebrekkig! Nee, baie swak; 50 woorde 'n week, jy weet.

**V:** En wat sê mens in 50 woorde?

**A:** Ja ... Ja ... "Hierdie is dieselfde as wat ek laas week gesê het!" En ook, jy kan niks privaats sê nie, want die radio-operateur híérdie kant lees dit en die ou anderkant, wat dit ontvang, lees dit, so ... Daar was nie teleks gewees nie. Alles is per Morse-kode oorgesaai.

**V:** En het julle van Suid-Afrika af ook nuus gekry?

**A:** Ja, ons het darem op kortgolfradio, kon ons darem opvang. So ons het bietjie nuus geluister en daai soort van ding. En jy sal weet van Jubero Malherbe ...

**V:** Nee ...

**A:** Wat daai tyd by die SAUK [nou SABC] ... Sy was seker 'n gasomroeper gewees of wat ook al. Maar sy het die program vir ons ouens in Antarktika, het sy gehanteer. Eenmaal per week was dit op die lug gewees vir ek dink so 10 sekondes of wat ook al, en dan't sy nou een van die geliefdes by die huis genooi om na die ateljee toe te kom, en dan partykeer was dit nou jou beurt gewees en 'n ander keer weer ... Maar my mense was

in Potchefstroom gewees en hulle het nooit die beurt gehad om aan Jubero se program te gaan deelneem nie. Dan't hulle darem nou bietjie met mekaar gesels. Ons kon darem ook, as die weerstoestande nou mooierig is, of die radiotoestande reg is, dan kon ons darem ook so nou en dan bietjie met hulle praat oor die radio.

**V:** Kon hulle met Morse-kode boodskappies terugstuur?

**A:** Ja, hulle kon. En wat ook goed gewerk het, die radio-amateur het ook goed gewerk. My meisie daai tyd het by 'n ou met die naam van Schalk Theron, op Potchefstroom, sekere tye, gewoonlik Sondae, dan het sy soontoe gegaan. En Schalk was baie *nice* gewees, regtig; baie *smart.* Hy's 'n prokureur gewees, en dan't hy op die radio geklim en dan't ons so 'n bietjie ... 'n paar woorde, wat jy darem so bietjie kon gesels, jy weet.

**V:** En waaroor gesels mens dan?

**A:** Nee wat, jy hoor maar hoe gaan dit met die familie, en jy sê maar "ek's lief vir jou"; daai soort van ding ... Wat kan jy nou eintlik anders sê?! Want almal sit daar by hom in die voorkamer en almal sit hier by jou waar jy nou sit en praat, so daar's geen niks privaatheid nie!

**V:** Wat was die beste ding gewees van die ervaring op Antarktika? Die hoogtepunte ...

**A:** O, daar was eintlik vir my twee hoogtepunte gewees. Die een was die ekskursie gewees wat ons geneem het om die depots van die geoloë te gaan aanvul, en jy weet, om so bietjie te kan wegkom van die basis af. Ons is toe omtrent twee weke weggewees met die *muskeg*; een van die ander ouens het my program toe gehanteer.

**V:** Hoe lank is mens na die depot toe gewees? 'n Week soontoe en 'n week terug, of ...?

**A:** Nee, dit was nie so lank gewees nie, maar ons het vasgeval in 'n storm amper op die verste punt, by *Jecksell* [?], en ons het daar gelê, gits vir amper 'n week lank, net in die tentjie gelê. En ek het gelukkig die boek van Shackleton by my gehad wat ek maar gelees het. En dit het ...

**V2:** Inspirasie geput uit ... ?

**A:** Ja, dit was so gewees. Weet jy ...

**V:** Wie was saam in die tent gewees?

**A:** Ag, ons het maar maats geruil. Ons is vier gewees wat daar was, jy weet.

**V:** En hoe ... Maak jy dan nou kos in die tent?

**A:** Ja-nee, dis 'n Primus-stoof; hierdie ou pompstofies. Het ons maar sneeu gesmelt ... Dis die roete wat jy ry. By elkeen van daai dinge staan daar 'n paaltjie, en jy moet maar ry op daai paaltjies. En die meeste van die tyd, dan is die paaltjie omgewaai en dan't ons 'n hele klomp nuwes gevat en weer ingesit vir die volgende ouens wat moes kom. So, so, so, tot daar.

**V:** So julle het net die depots gelê? Julle het nie die mense gesien ook nie?

**A:** Ja. Nee, ons het hulle gesien. Hulle het vir ons hierso gewag, en toe ons daar kom, het ons hulle gelaat weet. Hulle was toe daar, in daai berge, gewees. En toe't hulle daar na ons toe gekom. Daar's 'n depot gewees; hier's ene; 'n *muskeg*-depot; hierso by *Maerstaen* [?] was ene gewees; en daar's 'n depot. En ons het daai depot gaan aanvul.

**V:** En die tweede hoogtepunt?

**A:** Dit was gewees ek dink toe ek hier op die ysbult, daar – die ysbult se naam is [...?] – het ek daar gaan bly, stoksielallenig, vir drie dae, so in 'n hutjie wat ek self ... ek en ou Eddie, die landmeter, aanmekaar geflans het met sulke kartonne ... ag, nie kartonne nie; met sulke planke. En dit is eintlik vir my baie lekker gewees –stoksielalleen. En hy was 'n bietjie hoog gewees; jy kon uitkyk na die windrigtings toe. En ek het 'n lekker boek gehad oor astronomie, wat ek gelees het, en dit was baie lekker gewees. En ek het 'n bietjie gestap ook. Eintlik 'n gevaarlike ding gedoen – ek het allenig, het ek gestap hier na die RSA-bukta toe, en dit is baie mooi daarso, die buktas. En op daai stadium was ... Hierso was die see, maar hy's heeltemal toege-ys gewees. En dan kan jy nou sien, hier naby die kamp het van die ysblokke afgebreek en hier omgerol, en kan jy die verskillende kleure van die ys wat onder die water was ... Ek het mooi foto's geneem. En dit is vir my ook baie lekker gewees. En as daar 'n derde hoogtepunt was, dan was dit gewees om ook saam met ... Ek en nog twee ander ouens – ek en Eddie Bosman en die hoof-weerkundige – ons het eendag net sommer so vir die lekker, het ons een van daai sneeu-*scooters* gevat en hier na daai buktas toe gery. En toe, toe ons daar kom, toe gaan staan die ding; toe moes ons daai ent terugstap.

**V:** Sjoe!

**A:** Ja ... Dis omtrent so 13 km.

**V:** En hoe lank stap mens aan daardie 13 km?

**A:** Jissem. Ek het langer gevat as ou Fred Clemens, want ou Fred Clemens was 'n goeie atleet, en hy't vooruit geloop. Want hy't gesê nee, wat; laat hy vinniger loop, dat hy 'n ander voertuig kan gaan haal om ons te kom haal. Maar ons is net so kortkop agter hom gewees darem die hele tyd, maar ons het ons mal gestap. Ek kan nie onthou hoe lank het dit gevat nie, maar dit is seker die beste part van omtrent so sê drie ure rondgestap in daai ...

**V:** Sjoe!

**A:** Jis, ek was moeg gewees toe ek daar aankom!

**V:** En laagtepunte? Was daar laagtepunte?

**A:** Nee, daar was regtig vir my geen laagtepunte gewees nie. Dit was 'n wonderlike ervaring. Ek sal dit enige tyd weer doen!

**V:** Wat het die werk daar soms moeilik gemaak?

**A:** Die weer. Die weer kan lelik word daar, regtigwaar. Jy weet, jy praat van winde wat ... Ek dink ons het een *gust* daar gehad van 150 km per uur, jy weet. En om in daai wind uit te gaan, dis nogal 'n ervaring, jy weet. 'n Mens kan dit nie glo hoe sterk die wind daar kan wees nie. Hy waai jou om. Jy kan nie bly staan nie. En dan ook die sig onder daai omstandighede is zero; jy kan amper nie jou hand voor jou ... Dan's dit 'n klomp ys wat opgewaai word en al ... En dis baie gevaarlik om in daai omstandighede uit te gaan.

**V:** Watter invloed het die jaar op Antarktika gehad op jou?

**A:** Ja ... Tot die groot ontsteltenis van my gade, het dit my eintlik 'n baie onsensitiewe mens gemaak vir 'n gesofistikeerde lewenswyse ... ! Ek het regtig gehou van die meer Spartaanse lewenswyse daar! En ek dink dit het gebly steek. Jy weet, ek hou nie van 'n verskriklike gekunstelde omgewing nie, want dis onnodig. En ek dink mense is gewoonlik andersins, jy weet. Hulle wil in *smart* karre ry en in *smart* huise bly en daai ... My waardestelsel het beslis 'n bietjie daar verander. Daar's ... Jy kan sien daar's dinge wat werklik waarde het in die lewe, en ander wat net sigwaarde het.

**V:** Ja.

**A:** Maar ek dink dit is die belangrikste erfenis wat ek oorgehou het van daai *trippie*.

**V:** Was die gade toe die verloofde wat agtergelaat is?

**A:** Ja! Ja, ons is drie weke nadat ek teruggekom het in die land, is ons toe getroud.

**V:** Het sy intussen troue gereël dan?

**A:** Ja-nee, ek het daar weinig van self hoef te gereël het! Skoonpa en die *girl* het dit eintlik als gereël gehad, jy weet.

**V:** Hoe was dit om so iemand agter te laat en jy weet jy gaan eers na 'n jaar weer sien?

**A:** Ja .. Ag, jy weet, dis *sad*, maar dit was ... Die herontmoeting was ook baie goed gewees. Ja, haar pa-hulle, my skoonpa, het ... Hulle het afgery om my te kom haal, met my klein hondjie en al.

**V:** Is dit?

**A:** Ja, die ou brakkie; hy was toe nog baie klein.

**V:** Hoe het sy gevoel oor die brakkie?

**A:** Oe ... ! Toe sy nou hoor ek gaan een van dié honde saambring, was sy so in haar noppies gewees. Sy's 'n groot diereliefhebber, en ons het dié hond bederf ... Jy leer hom als ... Ek het hom afgeneem; kyk.

**V:** En die Belgiërs? Hoe het julle saam met hulle gewerk?

**A:** Baie lekker; baie lekker, ja. Die meeste van hulle, behalwe die vlieëniers en die vliegtuigwerktuigkundiges, het ook al 'n jaar of selfs twee jaar op Antarktika toe al

deurgebring, so hulle het die omstandighede geken. Ons het eintlik baie by hulle geleer ook, jy weet. En ek het by die een ou, het ek ' n pyp – weet, 'n rookpyp – present gekry as afskeidsgeskenk – die Hugo *Declaire* [?]. En ek het dié ding probeer rook, maar dit het nie eintlik vir my gewerk nie ... Ek's nie ou vir ... ! Ek het vir die een ou gesê nee, ek dink nie ek wil verder rook nie; hy moet hierdie pyp ... hy kan hom maar kry, want hierdie ding, dit smaak vir my soos ... Toe maak ek die fout, toe sê ek dit smaak vir my soos die agterkant van 'n perd; toe sê hy: "Jy sal seker weet, want ek het nog nooit die agterkant van 'n perd geproe nie!"

**V:** Ek wil net gou-gou terugkom by die kaai ... Is julle verwelkom deur geliefdes? Was daar amptenare gewees?

**A:** Ja, ja, daar was amptenare gewees. Maar ons het maar elkeen baie vinnig ons eie padjie gekry en ons het ons eie belange gehad. Hulle wou nog vir ons 'n *party* reël, toe sê ons nee, ons is dik vir *parties* ... Want van daarvanaf hiernatoe het ons niks anders gedoen as om *party* te hou nie, jy weet! Toe's ons behoorlik vol vir *parties*. En nou wil jy met jou mense, jy weet, wil jy deurmekaar wees.

**V:** Hoe anders was die vaart terug as die vaart soontoe?

**A:** Kort. Die vaart terug was 11 dae en die vaart soontoe was 21 dae gewees, so dit het eintlik vinniger gegaan as wat ons gedink het.

**V:** Hoe was die aanpassing terug in Suid-Afrika?

**A:** Bitter. Nee, dit was nie lekker geweet nie. Die een ding ... Jy weet, ons het in die somer hier aangekom en ons is mooi geaklimatiseer gewees vir koue. En dit was werlikwaar ... dit was hel op aarde gewees toe jy weer terugkom! Ek kon nie glo hoe warm is Suid-Afrika nie! Ons het verlang na daai yskoue winde... dit was lekker gewees. Die een ding wat jy ook moet onthou, en dit is daar is nie vlieë op Antarktika nie; daar's nie kieme nie – as jy ene uitnies daar in die sneeu; hy vries net daar vas; hy gaan nêrenster heen nie ... ! So toe't ons nou almal eers deur 'n fase gegaan van waar ons die lokale verkoues opgetel het en hoes, ensovoorts. Almal van ons is omtrent siek gewees toe, so drie weke na die tyd. Ons het gesukkel met seerkeel en al daai dinge ... Nou ja.

**V:** Was dit toe weer direk Potchefstroom toe?

**A:** Ja, ja. Ja-nee, want ek moes toe nou ... die resultate van mý waarnemings moes ek toe alles van vooraf regsien en die kurwes mooi trek en kyk waar is gate, dan ... Weet, partykeer gaan staan jou instrumente maar, en dan moet jy interpoleer. Dit is ... Ek het dit gedoen vir 'n hele jaar lank, voltyds amper, jy weet.

**V:** En in hoe 'n mate het mens kontak gehou met jou spanlede?

**A:** Ja ... Dit is amper outomatiese, want jy weet ons het mos die Antarktiese Klub, wat eenmaal 'n jaar vergader en wat ons almal ... Nie almal nie, maar ...

**V:** Die meeste ...

**A:** Ék hou daarvan om dit te gaan bywoon. En dan gesels jy maar weer bietjie met die ouens. Dis maar ... Met die tyd het ... Ag, jy weet, elke ou het nou maar sy eie belang eintlik gekry. Daar's ook ouens wat eintlik nie by die Antarktiese Klub aangesluit het eintlik nie. My een groot vriend wat ek daar gemaak het, Eddie Bosman, hy't nooit belanggestel om eintlik in die klub deel te neem nie. En ek het hom so twee, drie keer weer gesien, en van toe af het ons kontak verloor.

**V:** Ja, ja.

**A:** Ek verstaan hy's nou 'n prof op Stellenbosch, of was gewees – seker ook al afgetree teen dié tyd. Jy sal hom seker, ook weet van hom ... Eddie Bosman, waar is hy?

**V:** Nee, die weet ek nie. Maar ek sal hom gaan opsoek.

**A:** Ja, ja. Ja, ek sal graag ... Maar jy weet, hy's 'n introvert, en jy sal maar moet verwag hy gaan nie soveel uit hom soortvan uitkry nie. Hy gaan jou vrae reguit antwoord, want ... Miskien is ek ook verkeerd, jy weet. Ek weet nie.

**V:** Hoe belangrik dink u is Antarktika vir wetenskap?

**A:** Persoonlik dink ek maar baie min. Dis 'n kontinent wat te ver verwyderd is van ons dingese af. Ek dink nie die weerpatrone van Antarktika beïnvloed Suid-Afrikaanse weerpatrone baie ernstig nie. Ek kan verkeerd wees; 'n mens moet maar vir ouens wat elke dag daarmee werk, hulle sal miskien nie met my saamstem, of ek hulle nie, en ek is bereid om hulle opinie te aanvaar, ook so. Maar ek voel dat die navorsingsprojek waarmee ons geofisici besig was, het 'n bietjie meer insig gegee in ons aardomgewing. En wat ons eintlik gedoen het is maar 'n baie klein stukkie gewees van die totale ding. Dieselfde instrumentasie, dieselfde metings, word ook op baie ander plekke in die wêreld gedoen. Maar in die area waarin óns was, was ons die enigste mense gewees. So ek voel ons het 'n daadwerklike bydra gelewer tot die kennis van ons aarde se omgewing, waaroor ons navorsing maar eintlik gegaan het, jy weet; maar eintlik die magnetosfeer. Ek weet nie of jy weet wat is die magnetosfeer nie ...

**V:** (Ja.)

**A:** Dis ... Die magneetlyne van die aarde is nie in sulke mooi sirkels om die aarde nie, weet; hy lyk interessant. En daar het ons definitief 'n duidelike bydra gelewer. Die geoloë het ook ... Ek dink, jy weet, in die stukkie aarde wat hulle nou gaan opnames maak het, het hulle darem kon agterkom watse minerale daar is. En hoe 'n mens nou daai kennis gaan gebruik, weet ek nie, maar ...

**V:** Jy kan nou nie myn daar nie ...

**A:** Ja-nee, daai area sal nooit gemyn word nie. Ek sien een van die artikels sê dis een van die rykste geologiese streke in die wêreld, maar ek dink dit is bietjie reklamaties, jy weet. Ek dink nie dis dalk heeltemal ... Ek dink hulle het al ryker neersettings van koper en goud en al daai dinge op ander plekke ... Ek's nie heeltemal seker nie. Hulle het

nooit kon boor eintlik nie ... Of in óns tyd geboor diep in die aarde om te kyk wat is daar als onder – of daar olie is of ... En ek weet nie of hulle gaan toelaat om te boor op Antarktika nie ...

**V:** So sou u weer wou gaan vir 'n jaar ... in die verlede nou?

**A:** Môre.

**V:** Môre?

**A:** Ja. Nee, ek sal enige tyd weer gaan; enige tyd, enige tyd.

**V:** Was u ooit weer vir 'n *changeover* of so daar gewees?

**A:** Nee, ek was nie, want ek het net té besig beginne raak, maar ek sal baie graag wil gaan, jy weet, vir een van die *changeovers*. Dit sal baie lekker wees ... Net om te kyk hoe lyk die nuwe basis – die "hotel". Dis 'n vyf-ster hotel daai teenoor wat ons in moes gebly het. Hemel, die ouens het sulke vensters wat jy kan kyk na die aurora as jy op jou bed lê! Ons het 10 m moes opklim net om buitekant te kom, en dan is jy daar in daai bittere koue. Want jy sien 'n aurora net as dit donker is, met ander woorde daar's nie son om warm te maak nie; ook as daar nie wolke is nie – want die wolke hou so bietjie van die warmte van die aarde in, so as daar nie wolke is nie, dan is dit koud, jong!

**V:** En daai leer, waarvan is dit gemaak? Hoe klim mens daarby af? Is dit hout, of wat?

**A:** Nee, dis aluminium.

**V:** Aluminium. Word dit nie koud nie?

**A:** Ja. O nee; nee, jy kan nie met kaal hande ... Jy moet handskoene aantrek, jy weet; jou ... jy weet, daai ding wat net die duim so ...

**V:** Ja.

**A:** Nee; o herder, nee! Jy kan nie ... Jy kan niks doen sonder daai handskoene nie!

**V:** Wat is die gevaarlikste ding in Antarktika dan?

**A:** Die die koue. Ja-nee. As jy ook uitgaan in die veld, dis nie raadsaam om allenig eintlik te gaan nie; veral nie in die winter nie, want jy kry maklik vriesbrand. Ek het aan my vingerpunte net-net gehad, jy weet, en jis, dis hel hoor – laat ek jou dít sê. Want dit is ... Dis baie, baie pynlik. Maar die vriesbrand wat jy gewoonlik kry, is dit op jou neuspunt of jou wang, daar, en hier op jou dinges. So, as jy gaan in die veld in, dan hou jy maar die ander ou se gesig altyd dop en as jy kan sien daar begin so 'n wit kolletjie kom, dan gee jy hom 'n  waarskuwing. En al wat jy doen is, jy trek net jou handskoene uit en hou hom bo-op die ding dat hy net weer, jy weet ...

**V:** Regkom ...

**A:** ... ontdooi. En die vel gaan ... Na so 'n paar dae, gaan jy so 'n velletjie afkrap wat dood ge-ys het.

**V:** Sjoe.

**A:** Ja-nee, dit gaan af. Vingerpunte, hulle het al ... Hulle het ‘n paar keer vriesbrand gekry en dan so week later, dan trek jy so wit vel af; dood. Hy’s dood. En dan’t hy ... Onder weer baie mooi, jy weet... Maar jis, dis pynlik. Dit is glad nie lekker nie. Daai ys van daai ... Dis net op die vingerpunte, en as jy voel hulle begin nou te erg pyn, dan’s dit te laat.

**V2:** Wie sou u sê het die maklikste werk op Antarktika?

**A:** Sê weer?

**V:** Wie het die maklikste werk?

**A:** Die leier – hy doen niks! Hy doen absoluut niks nie. En die dokter. Want jy sit daar met ‘n klomp 100% gesonde ouens en ...

**V:** Moes julle vir gesondheidstoetse voor die tyd deurgaan?

**A:** Ja-nee, hulle het ons baie goed getoets, jy weet. So hy sit daar met ‘n klomp gesonde mense en vir hom is dit ‘n jaar se ervaring wat hy verloor, want hy’t niks om te doen daar nie. Ek het dat hy moesies afhaal op my rug en al daai soort van ...

**V:** (Lag.)

**A:** Net om hom bietjie ...

**V:** Al die ekstra goed wat mens nie voor tyd het hier nie ...

**A:** Ja, ja. Ek moes dat hy my blindederm ook uitgehaal het – dié moes ek híér kom uithaal ... ! Maar nee wat, dit is ... Andersins het hy niks gehad om te doen eintlik nie. So dis hoekom hy eintlik maar ook gehelp het om na die honde te kyk. Hy het wel ... En van die honde het probleme gehad en die hondjie is ook dood – dit was maar ‘n klein hondjie gewees. Toe’t ons na die hondjie se dood, het ons gesê ons weier dat hy aan óns werk ... !

**V:** Is die hondjie begrawe toe?

**A:** Ja-nee, ons het die hond maar begrawe in die ys; die hond lê nou nog daar êrens, mooi bevrore!

**V:** Pels nog *intact* ... !

**A:** Ja.

**V:** En die moeilikste werk?

**A:** Die moeilikste werk was gewees om *skivvy* te wees, en veral om die drom ... rommel ... wat die vorige dag opgegaar is van ouens wat nou blikkieskos oopmaak en eet, en om dít uit die basis uit te kry; en dáár eenkant het ons so hoop gehad waar ons die goeters eintlik gaan begrawe het. Dít was die moeilikste werk gewees ... ! Anders was daar niks moeiliks nie!

**V:** Maar baie dankie. Is daar nog iets wat u wil bylas?

**A:** Ja ... Die een ding wat ek dink interessant is en wat ek dink die meeste mense nie baie mooi verstaan nie, is die toilet ... !

**V:** Ja, vertel meer?

**A:** In die ysgang wat nou die verskillende geboue aanmekaar koppel, is een van ... die geboutjie is ook die toilet. Nou wat die ouens nou gedoen het, hulle het 'n diep gat gegrawe en jy weet, dit nou 'n *long-drop* van gemaak. Maar so met die jare het dié ding nou volgeraak, jy weet ...

**V:** Ek kan dink ... !

**A:** En dit is ... Jy weet, dit is nogal 'n ding ... Ek het nie gerook nie, maar as jy daar ingaan, daai amoniak-reuk is nie lekker nie ... Dan't ek 'n sigaret saamgevat en aangesteek ... ! In ons tyd het ons toe besluit nee, ons moet daai een maar toegooi en langsaan 'n ander gat grawe. Toe't ons so een stuk uitgebreek en 'n ander gat gegrawe, maar ons het net so ent gegrawe, toe kom ons agter die oorspronklike gat wat hulle gegrawe het, die het nooit heeltemal vol geraak nie. En toe kon ons daai gat volmaak uit hierdie ene uit en so. So, toe't ons darem 'n splinternuwe toilet gehad!

**V:** En die bad?

**A:** Ja, dié het in die diesel *shack* gestaan. En die diesel *shack*, omdat daar 'n warm dieselenjin is wat nou loop, het nie sy eie verwarmer eintlik regtig nodig gehad nie. En daar was die badkamer ook so langs die dieselenjin gewees!

**V:** So hoeveel keer 'n week kon julle bad? Of 'n maand?

**A:** Nee, eenkeer elke twee weke, as dit jou beurt is om *skivvy* te wees, dan't ons nou maar gebad, ensovoorts. Andersins was jy maar met 'n waslap, jong; dis al wat jy doen.

**V:** Die ouens ... Ek's nou nie seker nie ... Was dit voor of na diensplig ... Ag, voor diensplig of tydens? Het mens daai jare eers *army* toe gegaan of nie?

**A:** Ja, ek ... Nee, ek dink almal wat daar was, het hulle diensplig toe al gehad. Ons het nog gegaan toe die diensplig nog 'n jaar eintlik soortvan was, jy weet. So ek het diensplig gedoen, toe gaan *swot*, en daarna, vier jaar, vyf jaar na ek uit diensplig uitgekom het, toe't ek eers Antarktika toe gegaan. So ek was nou nie meer 'n jong mannetjie gewees nie!

**V:** Was van die ander mans getroud gewees, of met geliefdes tuis, maar spesifiek nou meisies, gehad?

**A:** Ja, daar was twee ander ouens gewees wat getroud was, en nog twee ander ouens wat verloof was – ons leier, Daan Joubert, en ons radio-tegnikus, en ek; ons was verloof gewees. En dan was daar 'n paar ouens gewees wat glad nie eens 'n *girlfriend* gehad het nie ... !

**V:** Wat maar Moeder gebel het ...

**A:** En een ou, Fred – ek gaan nou nie sy naam noem nie; ek weet nie of hy wil hê ek moet sy naam noem nie – hy was mal verlief gewees op ‘n meisie wat nou net soos Nana Mouskouri op daai stadium gelyk het ... En *guess* na watse musiek het ons vreeslik baie geluister?!

**V:** Nana Mouskouri! Oukei, maar baie dankie.

**A:** Nee, dis ‘n groot plesier.

**V:** Dis baie lekker om die stories te hoor.

## END VAN TRANSKRIPSIE